

SENTRAALE KAROO DISTRIKSMUNISIPALITEIT

Alle aspekte van ons personeel proses is nie-diskriminerend en sal daar aan alle kandidate gelyke geleentheid gebied word om aansoek te doen vir vakante poste:

SENIOR PAAIEVOORMAN (NOORD) DEPARTEMENT PAAIE INFRASTRUKTUUR

Salaris : TASK 10 (R220 452 – R286 188 PER JAAR)

Standplaas : BEAUFORT-WES

Kwalifikasievereistes:-

♦ Graad 12 ♦ Kode C1 rybewys en PDP ♦ Ten minste 5 jaar toepaslike ondervinding in padonderhoud waarvan 2 jaar in 'n toesighoudende posisie. ♦ Ferm Leierskap vaardighede en Kommunikasie Vaardighede. ♦ Basiese Kennis van meganiese herstelwerk aan toerusting en masjinerie. ♦ NQF1/2 Sertifikaat in Padkonstruksie tot voordeel van kandidaat.

Die suksesvolle kandidaat sal onder andere verantwoordelik wees vir:-

♦ Die nagaan van padoppervlak en padinfrastruktuur en die identifisering en rapportering van onderhoudsbehoefte. ♦ Organiseer, beheer en motiveer van werkspanne. ♦ Nagaan van daaglikse werksopgawes. ♦ Handhawing van dissipline van werkspanne. ♦ Skakel tussen veldpersoneel en kantoor. ♦ Handhaaf Beroepsgesondheid- en Veiligheidswetgewing. ♦ Handhawing van Padwetgewing soos voorgeskryf in Ordonnansie 19 van 1976 en Wet 21 van 1940 of soos gewysig. ♦ Behulpsaam met begrotingsaangeleenthede.

Benewens gemelde salaris, bied die Raad sy permanente werknemers die volgende voordele:- Pensioen- en mediesefonds bydraes, behuisingsubsidie, ruim verlof en siekteverlof, 'n dertiende tjek na 12 maande diens, bydrae tot groepversekeringspremies asook hulp met verhuisingskoste onderworpe aan sekere voorwaardes.

Aansoeke op die Raad se amptelike aansoekvorm word ingewag **voor of op Vrydag, 18 September 2020.** Aansoeke sonder gesertifiseerde afskrifte van kwalifikasies en bestuurderslisensie sal nie oorweeg word nie. Indien verdere besonderhede verlang word kan Mev G L van Zyl gekontak word by (023) 449-1000. Indien u geen terugvoer ontvang binne drie maande van datum van sluiting nie moet aanvaar word dat u aansoek onsuksesvol was.

J JONKERS: WNDE MUNISIPALE BESTUURDER
PRIVAATSAK X560
BEAUFORT-WES
6970

